

Lees: Johannes 4:1 - 42

Teks: 7-10, 27-30, 39-42 / Kol 2:6 - 10

Eerste Preek: Tema: Deur ons geloof in die Drie-Enige-God is ons aan Christus verbind, maar hoe kry Christus werklik gestalte in ons lewe?

**Geliefdes** - op 'n keer het die Apostel Paulus aan christene die volgende geskryf:

"My kinders ek verkeer van vooraf weer in geboortepyne oor julle, totdat Christus in julle gestalte kry" (Gal 4:19)

Hoekom het hy dit gesê en wat wou hy daardeur bereik?

**Gemeente** - Paulus kan van christene verwag dat Christus in hulle lewe gestalte sal kry!

- Want dit is 'n goddelike waarheid! So het Paulus dit dan ook aan die christene van sy tyd geleer.... hoor maar net weer wat hey hy aan die gemeente in Korinte gesê - en ek haal aan uit 2 Korintiërs 3:18 "*Ons word al hoe meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word*".
- En hoekom moet ons aan die beeld van Christus gelyk word?  
Wat word daardeur bereik?  
Luister weer wat sê God deur Paulus hieroor aan die christene in Efese en omgewing - Efes 2:1 - 10:

\*\*\* Lees Efes: 2:1 - 10 \*\*\*

Hierin hoor ons o.a. dat God ons in Christus herskape na Sy beeld sodat ons weer kan wees soos voor die sondeval...sodat ons ons lewe kan toewy aan die goeie dae waarvoor Hy ons oorspronklik bestem het!

In ooreenstemming met Paulus se verwagting dat Christus in christene se lewe gestalte moet kry, skryf hy ook in sy brief aan die christene in die stad Fillipi, o.a. die volgende: "Dieselfde gesindheid moet in julle wees swat daar ook in Christus was..." (Fillipense 2:5)

Vanselfsprekend - **geliefdes** - kan 'n mens nie maar net 'n navolger of 'n nabootser van Christus wil wees nie!

Dit is ook nie wat Paulus bedoel nie!

Nèè, Christus is nie maar net navolgenswaardig nie... Hy is die beloofde Mesias...die Seun van God...Hy is die enigste Een deur wie ons in ons sondeverlorenheid kan terugkom by God!

Mààr, Hy is nie net die Fondament en die Hoeksteen van ons geloof nie! Hy is ook die volmaakte Voorbeeld hoe ons weer opreg voor God en ons medemens behoort te leef!

En daarom - **geliefde br's en sr's en kinders** - eis God vanoggend van elkeen van ons wat bely dat ons deur ons geloof aan Christus verbind is, dat Christus meer en meer in ons lewe gestalte moet kry!

En daarom die vraag: Weerspieël jou lewe werklik meer en meer jou eenwees met Christus?

- Onthou wat het Jesus self ook gesê het: "Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte want sonder My kan julle niks doen nie...My Vader word juis daardeur verheerlik dat julle baie vrugte dra en My disciples is" (Joh 15:5, 8)

Kom ons meet dan nou 'n aspek van ons lewe a.h.v die volmaakte voorbeels van Christus. En nou is ons terug by ons teksverse. Jesus se optrede teenoor die Samaritaanse vrou... en nou gaan dit in hierdie preek veral oor Jesus se gesindheid teenoor hierdie mens en dit wat daaruit voortgespruit het.

**Br's en sr's** - Kom ons probeer ons verplaas na die gebeure waarvan ons hier lees.

Jesus was saam met sy dissipels oppad vanaf Judea in die suide van Palestina, na Galilea in die noorde - maar om by Galilea uit te kom, moes hulle eers deur die landstreek Samaria. Ja, daar was 'n ander pad, m  r Jesus verkies hierdie pad - en ons sal later hoor hoekom.

Buite 'n dorp in Samaria met die naam Sigar (vroee r Sigem genoem) stop hulle die middag om by 'n fontein om 'n rukkie te rus.

Die dissipels stap verder die dorp in om vir hulle kos te gaan koop en Jesus bly alleen by die fontein agter.

'n Samaritaanse vrou daag op om water te kom skep...

En dan lees ons die hele gesprek tussen Jesus en die vrou en alles wat daarna gebeur het.

Hier is - aan die eenkant - Jesus die Seun van God, wat deur Sy Vader na hierdie w reld gestuur is met 'n bepaalde doel - en aan die anderkant - 'n vrou uit Samaria.

En nou word hulle blootgestel aan die harder werklikheid van die tyd en omstandighede waarin hulle geleef het.

M.a.w. die ontmoeting en gesprek, gebeur nie in 'n lugleegte nie...nee dit vind plaas binne 'n bepaalde tyd in die geskiedenis van die Joodse-volk en al die volke om hulle.

Dit is dan ook teen hierdie agtergrond wat ons die Samaritaanse vrou - asook die dissipels se reaksie in verse 9 en 27 moet verstaan. Hierin hoor ons hulle was verbaas oor Jesus se optrede.

**Geliefdes** - Die Jode (in besonder die Fariseers) wou niks met die Samaritaanse volk te doen gehad nie!

Hierdie vyandige en afsydige gesindheid, kom al van die tyd af toe Israel deur die Koning and Assiri  in gevangenesskap na Babel weggevoer was en toe hy in hulle plek mense uit heidense volkere - in besonder na Samaria toe, gebring het - ons hoor daarvan in 2 Konings 17. Hierdie mense het nie die God van Israel geken nie maar hulle eie verskillende afgode gediens. Maar nadat van Israel se Priesters soontoe gestuur was om vir hulle van God te leer, het daar 'n vermeniging in hulle godsdien plaasgevind. Hulle het toe wel begin om God te vereer, maar daarmee saam steeds hulle gode volgens hulle heidense gebruike gediens. Hierdie tipe godsdien noem ons vandag "sinkritisme". Hulle het byvoorbeeld net die gesag van Moses se vyf boeke (Gen - Deutr) aanvaar en glad nie die boeke van die Profete nie. 'n Verdere verskil en vyandskap met die Jode, het ontstaan toe die Joodse volk uit ballingskap teruggekeer het en begin het om die Tempel in Jerusalem te herbou. Die Samaritane wou hulle help om die Tempel te bou met die doel om dan saam met hulle daar vir God te aanbid, maar die Jode het hulle hulp afgewys (Esra 4).

Die Joodse leiers het toe vir die Samaritane ges  dat hulle daar eenkant in hulle landstreek by die berg Gerisim naby Sigem vir God moet aanbid. Hulle het toe wel daar n Tempel gebou, maar selfs dit is later deur die Jode vernietig.

Tussen die Jode en die Samaritane was daar dus vyandskap en bitterheid, maar dit was veral die Jode wat hulle van die Samaritane afgesonder het - in besonder van die Samaritaanse vroue.

Die Samaritaanse volk - veral die Samaritaanse vroue - is as onrein beskou en die Jode is verbied om enigiets met hulle te doen te hê - hulle het selfs 'n lang ompad om die Samaritaanse landstreek gereis om by Galilea uit te kom!

In die lig hiervan moet ons nou weer kyk na Jesus se optrede, en die Samaritaanse vroue en Sy dissipels se reaksie daarop.

Kom ons begin by dit wat ons in vers 4 hoor: Jesus moes deur Samaria gaan.

En daarna kyk ons na Jesus se optrede vanaf die oomblik toe die vrou daar by die fontein opgedaag het en dan die gesprek wat daarna gevolg het.

**Br's en sr's** - In Jesus se gesprek later met sy dissipels hoor ons in vers 34 dat Hy sê dat Sy optrede bepaal word uit sy gehoorsaamheid om die wil te doen van Sy Vader wat Hom na hierdie wêreld gestuur het.

En net in die vorige Hoofstuk - in Joh 3:16 - hoor ons uit Sy liefde vir die mens wat Hy geskape het om tot sy eer te leef, vir Jesus na hierdie wêreld gestuur het, sodat hulle nie verlore sal gaan nie!

Ja, dit was God se wil dat Jesus nie met 'n ompad na Galilea toe moes reis nie...

Hy moes noodwendig deur Samaria reis sodat hierdie Samaritaanse vroue en ook die ander Samaritane wat tot geloof gekom het, nie verlore sou gaan nie!

Maar kom ons fokus nou op Jesus se optrede teenoor hierdie Samaritaanse vroue soos God dit vir ons hier vanaf vers 7 laat opteken het.

**Geliefdes** - Wat het gemaak dat Jesus algemeen aanvaarbare Joodse gebruik verbreek het en op hierdie besondere manier met hierdie vrou begin praat het?

**Br's en sr's en kinders** - In die Ou Testament hoor ons al in 1 Sameul 16:7 toe die Profeet Sameul 'n nuwe Koning vir Israel moes self en hy vir Dawid nie na waarde geag het nie, dat die Here vir hom gesê het: *Ek kyk nie na dieselfde dinge as die mens nie. Die mens kyk na die uiterlike, maar die Here na die innerlike.*

**Gemeente** - Dit is duidelik dat God anders na die mens kyk as wat ons dit gewoonlik doen!

Hoe kan ons dan na die mens kyk soos God dit doen?

Ons kan nie anders as om te begin by wat God self in Sy Woord oor die mens aan ons bekend maak nie. En ons moet dit biddend doen sodat God deur sy Gees ook ons denke oor die mens kan suiwer en nuutmaak ... dat Hy kan wegvat wat verkeerd is en die waarheid weer kan vestig ... sodat ons ook hierin meer en meer sal verander na die beeld van Christus!

**AMEN**